Verwysing: 20210514-3008
Lêerno.: 13/8/3
Navrae: CA Berry

Eksamenadministrasieminuut: 0004/2021

Aan: Superintendent-generaal, Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Hoofde van inrigtings en Sentrum-bestuurders wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-, Senior Sertifikaat-, en OOV V4-eksamen voorberei

Onderwerp: Aanstelling van 'n nuwe koeriermaatskappy vir die versending en afhaal van eksamenverwante materiaal

1. Prinsipale van skole/sentrumbestuurders van eksamensentrums word hiermee in kennis gestel van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se besluit om aan die transversale kontrak (RT5-2020) deel te neem wat deur die Nasionale Tesourie aangegaan is.

2. Hierdie minuut dien om prinsipale/sentrumbestuurders in kennis te stel van die nuwe koeriermaatskappy wat vir alle openbare en onafhanklike eksamensentrums van diens sal wees wanneer die Mei/Junie 2021 Nasionale Senior Sertifikaat-, Senior Sertifikaat-, en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes Vlak 4-eksamen begin.

3. Die kontrak met die huidige diensverskaffer, **Courierit SA (PTY) Ltd**, het op 31 Maart 2021 **geëindig**.

4. Gevolglik het die WKOD 'n kontrak met **Madibana SA (PTY) Ltd** aangegaan om eksamenverwante materiaal na en van die eksamensentrums te koerier.

5. Prinsipale word dus versoek om seker te maak dat **geen** eksamenverwante materiaal (vraestelle, antwoordboeke, antwoordstelle, skryfbehoeftes vir die eksamen) saam met enige ander koeriermaatskappy, behalwe Madibana SA (PTY) Ltd, na die WKOD gestuur word **nie**.

6. Die integriteit van die nasionale eksamen moet te alle tye beskerm word en om dus kontinuïteit gedurende die oorgangstydperk te verseker is dit belangrik dat die WKOD die huidige veiligheidsmaatreëls en -reëlings handhaaf.

7. Die koerierdrywers en assistente sal duidelik met 'n toegangsbrief, identiteitskaarte en spesifieke kleredrag geïdentifiseer kan word. Die prinsipaal/sentrumbestuurder kan enige tyd die toegangsbrief van die drywer aanvra wanneer hulle die versending eksamenmateriaal aflewer of afhaal.

8. Slegs geleibriewe van Madibana-koerier **mag** gebruik word wanneer eksamen-verwante dokumente aan die Direktoraat: Eksamenadministrasie gestuur word, en is onmiddellik van krag. Madibana se geleibriewe bevat die nuwe rekeningnommer en sal saam met die besending wat die skryfbehoeftes vir die eksamen bevat, aan alle prinsipale/sentrumbestuurders gestuur word.

9. Kontak asseblief die volgende amptenare vir enige navrae om meer duidelikheid te verkry:

    - Mev Shelva Willoughby: 021 467 2923
    - Mnr Clive Berry: 021 467 2265
    - Mnr Alistaire Gietzmann: 021 467 2987

10. Verder reëlings betreffend die veiligheid, versending en afhaal sal aan alle sentrums gekommunikeer word.

GETEKEN: H MAHOMED
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-05-18